HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT
ATLETIEK EN LANDLOOP

By Hoërskool Waterkloof streef ons daarna om elke atleet se talente tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel. Die skool se sukses lê in die organisasie en bestuur van toegewyde en bekwame atletiekkundiges en -afrigters, onder leiding van die atletiekdirekteur, Bonnie Joyce. Harde werk en die ontwikkeling van elke atleet is die boustene van Kloof-atletiek.

DOELWITTE

Die atletiekvisie by Hoërskool Waterkloof is om die nommer een atletiekskool in Suid-Afrika te wees. Om dít te verwesenlik, is dit vir ons belangrik dat leerders atletiek moet geniet en om 'n atletiekkultuur onder atlete én ouers te skep. Ons beskik oor topafrigters in elke item en spog met topfasiliteite. Massadeelname, asook prestasiedeelname is vir ons belangrik. Ons fokus op die fisiese, morele en psigiese ontwikkeling van elke atleet en glo dat 'n betrokke Klofie 'n gelukkige Klofie is.

AFRIGTING

Ons is bevoorreg om die kundigheid van die volgende afrigters aan atlete beskikbaar te stel:
Naellope en aflos – Arno Snyman en Annerie Stoop
Gewigstoot, diskus- en hammergooi – Eben Vermaas (van die Pierre Blignaut Akademie) en Leadri Geel
Spiesgooi – Leon Rheeder
Korthekkies – Heike Kotzé
400m en langhekkies – Bonnie Joyce
Middel- en langafstande – Wiam Grimes en FJ Brand
Hoogspring – Albert Alexander
Ver- en driesprong – Carli Webber en Duan Viljoen

KLOFIES ATLETIEK

NAVRAE

Bonnie Joyce
Direkteur: Atletiek
bonnie.joyce@klofies.co.za

DEELNAME

Hoërskool Waterkloof bied jaarliks die Druppel-lympics vir graad 8-Klofies aan en die Interhuisbyeenkoms is altyd 'n groot hoogtepunt. Ander byeenkomste waaraan Klofies deelneem, is AHS/AHMP se vriendskaplike massybeenkoms, die Dreyer Campbell Uitnodigingsbyeenkoms, Prestige Top 10-byeenkoms, die Helpmekaar Prestige Byeenkoms, die A-bondinterhoër en die PUK A- en B-bondinterhoër. Daarna volg die SA skole- en ASA-kampioenskap. Klofies wys ook hulle staal by die Klofie-lympics, die Barry Lok-byeenkoms, die TUT Top 12-byeenkoms, die Super School Series Regionals, die Grey College-byeenkoms en die PUK Top 30-byeenkoms. Gedurende die landloopseisoen neem ons aan die liga-, Noordvaal- en SA-byeenkoms deel. 'n Atletiekkamp word jaarliks aan die einde van die jaar aangebied.

ADDISIONELE KOSTES

Die enigste koste vir atlete is vir atletiektoere en kampe wat hulle bywoon.

OEFENTYE

Die atletiekoefenseisoen begin op 4 Augustus 2020. Atlete oefen Maandag tot Vrydag vanaf 14:20 tot 16:00.

#grensloos